26 April 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

BELEEF BEHOORT BEDIEN



Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"

Lukas 24:32

# EREDIENSTE

**VANDAG**

Slegs een oggenddiens (Afrikaans)
om 08:30

Deuroffers: Jan Kriel Instituut

*Past Adam*
Lukas 24: 13-35 / Jeremia 20:9
*Die pad vorentoe - Waar Jesus reeds werk.*

Op **Sondag 3 Mei** is daar ook net een oggenddiens om 08:30 en geen Kinderkerke, Space of Open Door Sundays nie.





Kinders by die Senior Kinderkerk geniet die voorafspel.


Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# GEMEENTEDINGE



## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone,*
*70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**APRIL**

**27:** Swannie Swanepoel (70jr)
**28:** Albie Strever
**29:** Sakkie de Villiers
**02:** Anton Nothnagel, Stephan Olivier,
Mariaan Schonken

## DOOP

Die eerste Sondag van die maand is doopsondag. Indien jy jou kindjie wil bring om eerskomende Sondag gedoop te word, kontak asb vir Suzette môre (Maandag) by die kerkkantoor.

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

## BESTUURSRAAD

Vernon Potgieter is verkies tot voorsitter van die Uitreikbediening en dus tot ouderling op die Bestuursraad.



## BEDIENINGSLEIER VAN DIE EIENDOMSBEDIENING

Die posisie as Bedieningsleier van Eiendomme is op die oomblik vakant.

Die Bedieningsleier werk nou saam met die koster en ander lede van die Eiendomsbediening om die kerkgebou, pastorie en terrein in stand te hou.

Kleinere herstelwerk word self gedoen en vir groter werk word professionele hulp ingeroep.

Langtermynbeplanning, bestuur van die Eiendomsbediening se begroting en leiding neem van die span is ook belangrike take.
Bedieningsleiers is vrywilligers en daar is nie vergoeding ter sprake nie.

Kontak Jackie by die kerkkantoor vir meer inligting of indien jy moontlik beskikbaar is vir hierdie posisie.

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# DIE DOELGERIGTE LEWE

**14 Mei - 24 Junie**

### 'n Ontdekkingsreis van 40Dae wat jou lewe gaan verander!

*Veertig dae om weer te ontdek waarom God jou geskep het,*
*om dieper in jou verhouding met Hom te groei*
*om ware geestelike vernuwing te beleef,*
*om weer sin aan jou lewe te gee,*
*om sekerder te wees van jou doel in die lewe,*
*om God se teenwoordigheid op 'n nuwe manier te beleef.*

## DATUMS

### TYDENS PINKSTER

**Sessie 1:** Hemelvaartdiens Donderdag 14 Mei om 19:00
**Sessie 2:** Sondag 17 Mei (Die eerste Sondag van Pinkster) om 08:30 (een diens)
**Sessie 3:** Sondag 24 Mei (Pinkstersondag) om 08:30 (een diens)

### NA PINKSTER

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Sessie 3 vervolg: | Woe 27 Mei |
| **Sessie 4:** | Sondag 31 Mei | Sessie 4 vervolg: | Woe 3 Junie |
| **Sessie 5:** | Sondag 7 Junie | Sessie 5 vervolg: | Woe 10 Junie |
| **Sessie 6:** | Sondag 14 Junie | Sessie 6 vervolg: | Woe 17 Junie |

**Getuienissondag**: Sondag 21 Junie **Familiefees**: Woe 24 Junie

Woensdae se tye sal bevestig word.

## FORMAAT

**Sondae:** Erediens met kursustema as agtergrond

**Woensdae:** Kursus.
Aanbieding deur Ds Anton en Past Adam.
Gesprek in kleingroepe aan tafels.
Indien jy wil optree as tafelleier by die kursus, kontak Ds Anton by 083 504 2613.




## KURSUSFOOI

R100 per persoon vir al 5 sessies op Woensdae.

Boeke (nie noodsaaklik) is beskikbaar teen R140 (Engels) en R200 (Afrikaans).

## INSKRYWINGS

Op Google-vorms en die kerkkantoor vanaf volgende week - hou die kommunikasie-kanale dop!

***Wees deel van groot dinge wat God in ons en ons gemeente wil doen!***

# PINKSTERTYE

Hemelvaartdiens: Donderdag 14 Mei om 19:00

Sondag 17 Mei om 08:30 (een diens)

Ma-aand 18 Mei tot Do-aand 21 Mei
Elke aand om 19:00

Di-oggend 19 Mei tot Vry-oggend 22 Mei
Elke oggend om 10:00

Sondag 24 Mei om 08:30 (een diens)

# OMGEEGROEPE

### WIL JY DEEL WORD VAN 'N OMGEEGROEP?

In die onlangse vraelys wat die gemeente voltooi het, het baie persone aangedui dat hulle graag meer inligting wil kry oor wat omgeegroepe behels.

**Inligtingsessie Woensdag 6 Mei om 19h00 in die Kleuterlokaal**

Navrae oor omgeegroepe: Stephan Kleynhans by 083 293 5716 | stephan.kleynhans@zutari.com

### IS JY MOONTLIK BEREID OM 'N OMGEEGROEP TE FASILITEER?

In die onlangse vraelys wat die gemeente voltooi het, het baie persone aangedui dat hulle graag meer inligting wil kry oor wat dit behels om 'n omgeegroep te fasiliteer.

**Inligtingsessie Woensdag 13 Mei om 19h00 in die Kleuterlokaal**



### PANNEKOEKE VIR PINKSTER

Die jongmense van Space samel vanjaar tydens Pinkster geld in vir stoele en tafels vir Nic en Tina se opleidingsentrum in Belo (Madagaskar).
Hulle doen dit deur pannekoekverkope.

***Hulle sal hulp baie waardeer!***

Indien jy bereid is om een aand tydens Pinkster (Ma 18 Mei - Do 21 Mei) 'n klompie pannekoeke tuis te bak en saam te bring vir verkope, kontak Elmari by 082 864 4233. Dankie!

# KWARTAAL 2 – 'N KWARTAAL OM GEESTELIK TE GROEI

*“Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe.” 1 Tim 4:7*

## LECTIO DIVINA

*'n Ander manier van Bybellees*

Lectio Divina is 'n antieke praktyk wat behels dat die Bybel biddend gelees word. Die fokus is op nie inligting inwin nie, maar op transformasie en gemeenskap met God. Alhoewel dit nie jou persoonlike studie van die Woord vervang nie, is dit 'n nuttige hulpmiddel.

Vier stappe word gevolg: lectio (lees), meditatio (oordink), oratio (gebed) en contemplatio (rus in God).

Hieronder is 'n voorbeeld van Ds Anton waarmee jy die tegniek kan oefen.
Die gemeente se jaarteks word hier gebruik.

Kry 'n tyd en plek wanneer/waar dit stil is en daar nie onderbrekings is nie.
Maak jou Bybel of selfoon oop by Matteus 11:28-30.

Matt 11: 28 “*Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.*
*29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart,*
*en julle sal rus kry vir julle gemoed. 30 My juk is sag en my las is lig.*”

**1. LECTIO (LEES)**

Lees die teks stadig deur.
Eerste keer: Laat dit eenvoudig oor jou spoel.
Tweede keer: Fokus op 'n woord of frase wat vir jou uitstaan (bv. “kom”, “rus”, “juk”, “leer van My”, “sagmoedig”).

**2. MEDITATIO (NADENKE)**

Wat tref my in hierdie teks?
Waar ervaar ek tans “uitgeput en oorlaai”?
Wat beteken Jesus se uitnodiging “Kom na My toe” vir my prakties?
Wat kan “My juk op julle” vir my beteken in my omstandighede op die oomblik?

**3. ORATIO (GEBED)**

Gesels met die Here oor die teks. Gee die Gees geleentheid om in jou te werk.



**4. CONTEMPLATIO (RUS IN GOD)**

Ontvang net Jesus se woorde: “Ek sal vir julle rus gee ...”

# ALLERLEI

## WERKSGELEENTHEID BY SINODALE KANTOOR IN BRACKENFELL

### ADMINISTRATIEWE BEAMPTE: MEDIES EN MODERATUUR

Die Sinode van Wes-Kaapland het ‘n vakature vir ’n halfdag Administratiewe Beampte: Medies & Moderatuur gebaseer in Brackenfell. Die rol behels die bestuur van die mediese skema administrasie sowel as sekretariële ondersteuning aan die moderatuur. Vereistes sluit in minstens 3 jaar administratiewe ervaring, sterk rekenaarvaardighede en uitstekende kommunikasie. Sluitingsdatum is 5 Mei 2026.
Inligting hier: https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste/




### DEUROFFFERS JAN KRIEL
***Gee 'n kind 'n kans!***

Jan Krielskool in Kuilsrivier is 'n spesiale skool vir leerders met 'n verskeidenheid van gestremdhede (bv ADHD, gesiggestremd, op die outisme-spektrum, hardhorend, epilepsie ens.).

Hulle missie is om potensiaal te ontwikkel en kinders met leerhindernisse vir die toekoms te bemagtig.

Onderwysers, terapeute en sielkundiges werk saam om elke leerder se potensiaal te ontgin.

Die gewone skoolkurrikulum word gevolg en sport word aangebied soos by enige ander skool.

## WERK GESOEK


Jongman met ondervinding in sweiswerk, passer en draaier, barista, kroegman, besproeiing en voorraadbeheer is op soek na werk.
Kontak Suzette by die kerkkantoor.

## LERAARS

Ds Anton het die naweek 'n afnaweek.

***

Die prentjie hieronder was Donderdagaand op Past Adam se kantoordeur...
(Adam is besig met sy tweedejaar BTh studies en vaar uitstekend. Bid gereed vir hom.)



# BID SAAM






Gert Visser, ons orrelis.



Marlize Gerber, Bedieningsleier van die Musiekbediening

## BID VIR DIE GEMEENTE - MUSIEKBEDIENING

Bid hierdie week saam vir ons Musiekbediening.
Die Bediening begelei die gemeente in lofprysing en aanbidding tydens eredienste.

Die orrel en orkes lei die gemeente op 'n Sondagoggend in die Here se teenwoordigheid in, maar is ook van diens by ander funksies en geleenthede.

*Bid saam vir:*

- elke musikant se persoonlike verhouding met die Here, sodat lofprysing op 'n Sondag 'n natuurlike uitvloeisel is van hulle eie aanbidding.
- die teenwoordigheid van die Heilige Gees by ons eredienste en bid ook dat die Gees hulle sal lei in die keuse van liedere.
- eenheid en samewerking tussen orkeslede en ook tussen die orkes en die oudiovisuele bediening.
- krag, energie en gesondheid om vol te hou, ook met die oefeninge elke Donderdagaand tot laat.
- geestelike beskerming teen aanslae.
- vreugde in hulle lewens.

Psalm 33:3: "*Sing vir Hom 'n nuwe lied, speel met volle oorgawe, jubel dit uit!*"

## SILWERJARE BYEENKOMS

Di 5 Mei om 10:00 in die onderste saal.
Alle seniors welkom!
Let op dat die program verander het - Gassprekers gaan ons meer vertel van velsorg en ook van betrokkenheid by ons gemeenskap.



# IN DIE OMGEWING




021 976 1236 |
kantoor@sonstraal.org.za

KOM KUIER SATERDAG
9 MEI 2026 BY
BELLVILLE SENIOR SENTRUM



Hoekom kosmaak op 'n Saterdag as jy kan kies en keur uit dié verskeidenheid van potjies!!

25 Jessie Straat, Chrismar, Bellville

Groot verskeidenheid potjies beskikbaar!
R80 per ete.
Te koop by die kassier by 021 910 1250.
Bring eie drinkgoed en kuier saam vanaf 09:00.
Roosterkoek met kaas en konfyt beskikbaar vanaf 10:00.
Potjiekos beskikbaar vanaf 12:30




**Begeleide STIL SATERDAG**
*"kyk en sien"*
deur Ds Willem Smit

**Saterdag, 16 Mei 2026 08:00 - 12:00**
Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit, Wellington
Koste: R100
Besprekings:
admin@andrewmurraysentrum.co.za

